

Is bedryf gereed vir gestremdes in 2010?

DIE begin van die Wêreldbekersokkertoernooi in 2010 kruip al hoe nader. Onlangs is die 500ste dag voor die geleentheid gevier. 'n Ope vraag vandag is: Is Suid-Afrika gereed om talle besoekers met gestremdhede te kan huisves? Bestaan rede tot kommer in jou gemoed?

Die stadions word gebou, lughawens word opgeknop en waar jy kyk, word gastehuse gebou of vergroot. 'n Mens kan maar net hoop daar word in die groot opknappingsproses aan die behoeftes van alle mense met gestremdhede gedink. Dit sluit in liggaamlik, gehoor- en siggestremde mense.

Ek verneem graag van die departement van toerisme hoe die gradering van verblyfplekke in Suid-Afrika vorder – 'n landwye poging om gastehuse toegankliker te maak vir duisende mense met gestremdhede.

Is die personeel in die gasvryheidsbedryf genoeg opgelei om mense met gestremdhede op die korrekte wyse te kan hanteer?

Die volgende wenke rakende die inskakeling van gestremdes in restaurante/gastehuse/hotelle is belangrik:

Vermy gesprekvoering met iemand in 'n rolstoel indien jy agter hom/haar staan. Talle rolstoelgebruikers vind dit moeilik óf selfs onmoontlik om na agter te draai.

Kweek die gewoonte aan om op 'n stoel voor die betrokke te gaan sit voordat die gesprek begin. Die benadering het tegelykertyd ook oogkontak op 'n gelyke vlak tot gevolg.

Verwyder op 'n natuurlike wyse 'n stoel en/of enige ander hindernis sodat daar genoeg ruimte vir 'n rolstoel beskikbaar kan wees. Mense met gestremdhede wil graag voorkom dat hul teenwoordigheid onnodige aandag trek – wees dus sensitief vir hul behoeftes. Sommige gestremdes kan byvoorbeeld versoek dat hul kos vooraf in kleiner porsies gesny moet word. Wees bedag daarop dat glase te alle tye binne die bereik van die betrokke geplaas moet word.

Talle mense met gehoorverlies besoek nie graag restaurante nie – uit vrees vir misverstande wat kan ontstaan. Kelners moet vasstel watter wyse van kommunikasie hul klant met gehoorverlies verkies. Met die nodige basiese agtergrond oor Gebaretaal, spraakles en dies meer kan talle kommunikasiestruikelblokke oorkom word.

Mense is geneig om harder te praat met diegene wat gehoorverlies ervaar. Deur harder te praat, vervorm die spreker se lippe – iets wat lippees bemoeilik. Mense met gehoorverlies vind dit frustrerend indien 'n spreker voorwerpe in of voor sy/haar mond hou. Kougom kou en die deurlopende verwisseling van tale maak lippees uiters moeilik. 'n Swak verligte vertrek en agtergrondgeraas is ook 'n nagmerrie vir die mens met gehoorverlies.

Talle betrokkenes in die gasvryheidsbedryf voel onseker oor die behoeftes van blinde en swaksiende mense. Alle betrokkenes maak byvoorbeeld nie van spyskaarte in Braille gebruik nie, maar verkies letters in grootdruk. Wees bedag op die regte wyse waarop 'n blinde gelei moet word.

Blinde en/of swaksiende mense benodig soms ondersteuning met die sny van voedsel. Die korrekte ondersteuning met die invul van kredietkaart-fakture is ook belangrik. Die goue reël wat deurgaans toegepas moet word, is: Vra die betrokke in watter mate hy/sy ondersteuning benodig.

Bespreek sy/haar behoeftes op 'n ontspanne wyse sonder om dit in die teenwoordigheid van ander te beklemtoon. Dit is bemoedigend om te verneem projekte van die Nasionale Raad vir Persone met Liggaamlike Gestremdheid in Suid-Afrika (NCPDASA), wat sensitiwiteit by die gemeenskap ontwikkel en bevorder, gaan van krag tot krag.

Vir opleidingsessies rakende die integrasie van gestremdes bel me. Sandra Goosen, werkplasingbestuurder van die Vrystaatse Vereniging vir Mense met Gestremdhede (APD), vir meer inligting by 083-560-5991 of stuur e-pos na sandra@apdfreestate.co.za.

Skryf aan my by: fanie.dt@mweb.co.za of Posbus 1758, Worcester 6849.